

11 Oktober

Skrifgedeelte: Ester 2:19-3:15

Fokusgedeelte: Ester 2:19-23

Wees konsekwent gehoorsaam

Die versoeking is groot om te midde van moeilike en beproewende omstandigheid self toe te gee aan ongehoorsaamheid aan die Here. So kan 'n gelowige byvoorbeeld redeneer dat almal in elk geval aan dobbelary deelneem en daarom kan ek dit ook maar doen. Mordegai bevind hom in 'n situasie waar hy en sy volksgenote gehate mense in Persië was. Hulle is in so 'n mate gehaat dat hulle baie keer hulle Joodse afkoms moes verswyg om nie as gevolg daarvan verdruk of vervolgt te word nie.

Toe Mordegai te hore kom van die moordkomplot teen die ongelowige koning kon hy redeneer dat dit hom glad nie raak nie en dat dit miskien tog goed sal wees indien die vyandige Ahasveros van die toneel verdwyn. Hy kon dus swyg en sodoende aandadig wees aan moord.

Maar Mordegai bly ten spyte van die moeilike omstandighede konsekwent getrou aan die Here. Hy openbaar die komplot en red so die koning se lewe. Hoekom? Omdat God sy kinders in Christus vernuwe en deur sy Gees lei om aan Hom getrou te wees. Al sou niemand anders daarvan bewus wees nie, weet ons die Here weet alles wat ons dink en doen. Mordegai se dade word in die geskiedenisboeke van Persië opgeskryf, maar my en jou dade word opgeskryf in die boek van die gewete en daarvoor sal ons eendag voor God rekenskap doen.

Laat ons egter konsekwent gehoorsaam wees, nie uit vrees vir die oordeelsdag nie, maar omdat ons nuwe mense in Christus is. Bid dat die Heilige Gees jou lei om in alle omstandighede getrou te bly.

Sing: Psalm 119:10,11

Ds P Venter (Rustenburg-Wes)